Dienelkander
Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

Bedieningstema Oktober 2024
Geloofsgroei – Efes. 4: 15-16
3 November 2024

09:30 OGGENDEREDIENS:
Ds Piet Venter

Gebed: reekspreke uit 1 Konings 3: 2 - 16

Temas tot dusver in die reeks:
Vers 3/4: Ware gebed is gegrond in ‘n liefdesverhouding tussen God en ons.
Vers 5: God se vrygewigheid gee ons vrymoedigheid om te bid.
Vers 6: Gebed is jou daad van hoop gebou op God se trou.
Vers 7 - 8: Ware gebed is die besef van my eie kleinheid in die lig van die groot roeping wat God op my lê.

Voorbidding

Ons doen vandag voorbidding vir ons gemeente se kinders - hulle lewe en geloofsgroei. Die katkisasie sluit af en ons bid dat die Here die saad wat ons gesaai het, in ons kinders se harte sal laat wortelskiet en groei.

Prediking vandag

Ons het verlede week gehoor dat ons roepingsbewus moet lewe. Dat ons in die lig van die groot roeping wat God op ons lê, ons kleinigheid sal besef en daarom sal bid dat God ons sal help!

Dikwels verstaan ons die woord “roeping” net as die lewenstaak wat God op my gelê het en dat ek dadelik in my gebede besig raak om te bid vir toerusting om my taak uit te voer - om my roeping te kan vervul.

Roeping beteken egter in die eerste plek: God roep my na Hom toe! Ek moet in die eerste plek by God uitkom - Hom eerste dien! Daarna en van daardie plek by God, kan ek dan my taak volvoer! Salomo het dit verstaan en daarom bid hy eerste vir daardie “om na God geroep te wees” - om die Here eerste te dien! Daarom bid hy: “gee my (u slaaf) ‘n hart wat luister”! Daarna vra hy toerusting vir sy taak: wyse oordeel oor regsake!

Tema: Bid eers vir jou gehoorsaamheid aan God en dan vir wat jy nodig het.

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Ps. 47 - 1: 1, 2, 3, 4; Ps. 9 - 1: 1, 7, 8, 10

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Sb. 10 - 1: 1 (Mel Melita); Votum; Seën; Loflied Ps. 34 - 1: 1, 2, 6; Geloofsbelydenis: 12 Artikels

Ons verootmoedig ons voor God
Wet: Eksodus 20; Sing Sb. 10 - 1: 2 (Mel Melita); Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: 1 Konings 3: 5 - 13;
Johannes 15: 1 - 8
Teksverse: 1 Kon. 3 : 9 - 10
Belydenis: HK Sondag 49; Sing Sb. 17 - 1: 1, 6 (kleuters gaan na hulle bediening); Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Sing: Ps. 89 - 1: 6; Voorbidding vir ons kinders deur Huib van Hamburg; Sing Sb. 16 - 1: 1, 2, 3 terwyl al die kinders voor staan; Seën; Amenlied: Sb 13-3.

AANDDIENS: Ds. Piet Venter

Ons liefdevolle Hemelse Vader weet wat ons nodig het om te kan leef en Hom te kan dien! Ook die aardse, stoflike en liggaamlike gawes gee Hy sodat ons Hom kan dien - dit gee God aan Salomo sonder dat hy vra! Hierop mag ons reken - dis ‘n vaste belofte en geweldige troos! Maar hiervoor mag en moet ons bid!

Tema: “Ook wat jy nie gevra het nie, gee Ek aan jou”

Lofsang met die oog op die erediens
Lied 258: 1, 2 (Mel van Sb. 7 - 2)

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Ps. 111 - 2: 1, 3; Votum; Seën; Loflied Ps. 147 - 1: 1, 3, 5; Gebed.

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: 1 Konings 3: 5 - 14;
1 Kon. 4: 29 - 34 en
1 Kon. 10: 1 - 9
Teksverse: 1 Konings 3: 13. Belydenis: HK Sondag 50; Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed; Sing Ps. 68 - 1: 9; Seën; Amenlied: Sb 13-1.

GEBEDSRIGLYN VIR NOVEMBER 2024: GELOOFSGROEI

Efesiërs 4: 15-16: “Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die hoof en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam ‘n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie en so bou die liggaam homself op in liefde.”

WAARSKUWING: Moenie deur die valsheid van hierdie wêreld weggelok en dan weggespoel word nie. Om in die waarheid te bly beteken om funksioneel ingepas te wees in die liggaam van Jesus Christus. Hierdie liefdes-eenheid is belangrik vir geloofsgroei en gemeente-bou.

1. Lees: Ef 4: 14 “Nie meer kinders nie / deur golwe heen en weer geslinger / winde van dwaalleer / valse leraars wat gelowiges slinks en listig verlei”.
Bid dat God ons oë en verstand sal open om die valsheid en verleiding van ons tyd raak te sien en aktief daarvan weg te vlug. Laat ons vir ons kinders ‘n voorbeeld wees en hulle ook hierin beskerm en toerus.

2. Lees: Ef 4: 15 “Laat ons in liefde by die waarheid bly en groei na Christus toe”
Bid dat elke gelowge sal besef dat daar net een plek van veiligheid is. Bid vir elke gelowige se liefdevolle betrokkenheid by en deelname aan die samekomste van die gemeente. Dit is die enigste veilige plek waar voldoende beskerming teen dwalinge en verleiding is. Net hier groei elke gelowige na Christus toe.

3. Lees: Ef 4: 16 “Die liggaam groei uit Christus en pas by mekaar en in mekaar in.”
Bid dat elke lidmaat van God se kerk sal besef dat die enigste ware lewe en groei slegs moontlik is waar daardie lidmaat aktief en liefdevol deel is van die liggaam van Christus. Bid dat almal aktief ingeskakel sal word. Net Christus gee die nuwe lewe en net in ons verbondenheid aan Hom en aan mekaar is daar geloofsgroei en beskerming.

4. Lees: Ef 4: 16 “Elkeen vervul in liefde ‘n funksie tot opbou van die gemeente”
Bid dat elke gelowige sal besef dat elkeen ‘n liefdevolle funksie in die gemeente moet vervul. Niemand kan verskoon of gemis word nie. Bid dat almal – en elkeen hulle unieke funksie sal ontdek en dan aktief sal vervul sodat ons gemeente ook in alle opsigte sal groei.

Kom ons bid hierdie maand vir ware GELOOFSGROEI in God se kerk.

MEELEWING

- Elsa Coetzee sterk tuis aan nadat sy Maandag in Mooimed ‘n pynblok ontvang het vir erge rugpyn.
- Marianne Kruger word more opgeneem in die Sentrum vir Bejaardes, Viljoenskroon, waar sy permanente versorging gaan ontvang. Ons bid haar en Hennie baie sterkte toe met die veranderende omstandighede in hulle lewe.

Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Rita Schutte, Marianna Kruger en Marianna du Plessis.

BAIE WELKOM AAN

Louw en Marelise de Beer wat opgeneem word in die GKSA. Hulle is Wiehan en Zanro se ouers en woon in Sol Plaatjie laan 138.

BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

Vandag
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenddiens
Kleuterbediening
Katkisasie-uitstappie
Tee en koffie
Geen Lofsangaand in die lig van die Katkisasie-uitstappie
18:00 Aanddiens

Maandag
17:00 Diakonie Dagbestuur
Geen Kersmark-vergadering
18:30 Bedieningsdiensgroep-vergadering

Dinsdag
06:00 Manne Ondersteuningsgroep

Donderdag
17:30 “Griefshare”-bediening

AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks) en Kerklike Tydskrifte (Klein boks), Zapper-betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir ons eie Diakonie.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurt: Groep 30 en 31.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 3 November
Jbr JC Badenhorst
Br Frans du Preez
Jsr Zalia Niemand
Jbr Hanro Riekert

Maandag, 4 November
Jbr Carlo Kloppers
Br Krause van der Walt
Sr Naetta van Zyl

Dinsdag, 5 November
Sr Rolene van der Walt

Vrydag, 8 November
Sr Sonja Booyens
Sr Renette de Klerk

Saterdag, 9 November
Br Jan Schutte ***** (van Ronel)

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

KERSBEDERF - HIER KAN JY OOK IETS DOEN VIR IEMAND ANDERS

Ons gemeente se Susters gee jaarliks vir ongeveer 25 gesinne in ons gemeente 'n "Bederf-emmer" / "Bederf-boks" voor Kersfees om 'n lekker Kersete mee voor te berei.

Ons wil graag 'n beroep op kleingroepe en indiwiduele huisgesinne doen om saam te span en items vir so 'n boks/emmer te skenk om sodoende die las bietjie ligter te maak. Vir een so 'n boks/emmer benodig ons die volgende nie-bederfbare items:

- Pasta
- Mayonaise
- Ingemaakte slaaie
- Jellie en Vla
- Aanmaakkoeldrank
- Koekies of ander lekkernye
- Kitspoeding / kitskoek

Ander items wat 'n Kersfeesete vir 'n gesin spesiaal sal maak, is ook natuurlik welkom - hierdie is maar net 'n riglyn.

Baie dankie dat ons u kan vra om dit met groepbediening / huisbesoeke aan julle groep voor te lê. Laat weet gerus vir Hestie (072 383 9510) of tannie Anna (082 765 9813) indien julle kleingroep / huisgesin hieraan sal deelneem.

DAAR IS OOK 'N LYS IN DIE SKUUR, WAAROP JY KAN AANDUI INDIEN JY / JOU GROEP HIERAAN WIL DEELNEEM.

KATKISASIE 2024

Ons is die Here dankbaar vir die verbondsonderrig wat ons kinders die afgelope jaar met Katkisasie kon ontvang. Ons glo dat die Here daarmee sy woorde en Sy dade diep in hulle harte indra. Namens die ouers wil ons graag ons Kategete bedank wat die jaar die klasse aangebied het:

Gr 1: Naetta v Zyl
Gr 2: Johan van Rooyen
Gr 3: Anneke Steenkamp
Gr 4: Christa v Zyl
Gr 5: Surina du Plessis
Gr 6: Leonard Haasbroek
Gr 7: Chris Storm
Gr 8: Hendrik vd Walt
Gr 9: Cindy du Plessis
Gr 10: Paul Smit/Pieter Deysel
Gr 11: Gerrie van Deventer

Ons wil ook graag almal bedank wat by die **Kleuterbediening** betrokke is en wat ons kleiner kinders tydens die duur van die prediking op hulle vlak met die Woord bedien. Hulle is:
Tineke van Rooyen
Hestie Janse van Rensburg
Suzanne Kruger
Riekie Storm
Anja Buijs
Estia Joubert
Ons waardeer julle dienswerk - dit gaan nie ongesiens verby nie!

KATKISASIEAFSLUITING:
Vandag na die oggenddiens

KERSMARK:
28 November - 7 Desember 2024

Liewe gemeente

Oor minder as **4 weke** begin ons Kersmark 2024! Ons het u almal se hulp nodig om daarvan 'n sukses te maak.
Daar is hulplyste in die voorportaal van die Skuur, skryf asb. jou naam op waar jy kan help of kontak die sameroeper van die afdeling.

ITEMS BENODIG:
Borge om ons te help dra aan die uitgawes;
AA-batterye;
Klein horlosie-batterytjies

Kontak vir hulp:
Restaurant - Alta v Zyl
Kassiere - Carina Coetsee
Dekor - Mariska vd Walt
Toesighouding - Susan Lourens
Die Tafel - Marlise Styger
Bemarking - Yolandi Haasbroek / Charlene Sharpley

GESAMENTLIKE <u>BUITELUG KERSSANGDIENS</u> - 24 NOV: KOM HELP !

Ons is baie opgewonde oor die Kerssangdiens wat DV op 24 November gehou word. Ons beplan om ‘n buitelugdiens op ons heerlike grasperkterrein te hou. Die tema van die diens is: Voorspelling, Vervulling, Vrede en Vreugde. Ons fokus uit die Skrif op hierdie temas in verband met die geboorte van ons Here Jesus met die gebruiklike gemeentesang wat daarby aansluit.

Ons wil graag ook die laerskoolkinders in die gemeente betrek met ‘n lied of twee wat hulle kan sing en nooi ouers uit om met Kobus en Anelle Venter kontak te maak as julle die kinders wil laat deelneem. Enige ander lidmaat wat graag betrokke wil raak met die reëlings en aanbied, kontak vir Kobus Venter.

GKSA-NUUS

Beroep aangeneem
Ds HD (Hendrik) Verryn van GK Potchefstroom-Suid na GK Groblersdal.

BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!

<u>Vir navrae:</u>
Kontak Heidi Van Der Walt by 082 902 8032

SUSTERS

2 KOR. 7:1 "... LAAT ONS ONS DAN REINIG VAN ALLES WAT LIGGAAM EN GEES VERONTREINIG, EN ONS IN GEHOORSAAMHEID AAN GOD VOLKOME AAN HOM TOEWY."

SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

TEESKINK-GELEENTHEID

Tee en koffie word vandag na die oggenddiens in die Skuur bedien.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:
Susan Lourens en groep 4, Marijke Faught en groep 12, Mariana Plotz en groep 21, Anelle Venter en groep 29, asook groep 30.

BLIKKIES-WARMHARTE

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.
Bring gerus vir ons daardie kleingeld wat julle in grendeltyd opgegaar het vir hierdie fonds.
Baie dankie vir julle getroue bydraes!

KANSA

CANSA
Research • Educate • Support

Liewe suster, soos jy reeds weet ondersteun ons gemeente jaarliks vir KANSA. Ons wil steeds hierdie jaar probeer om hulle te ondersteun. Indien jy, familie of vriende tot hierdie projek wil bydra kan jy gerus jou donasie aan die kerk oorbetaal met verwysing "KANSA" sodat ons weet om die geld aan hulle oor te betaal. Daar is ook koevertjies in die voorportaal beskikbaar, spesiaal vir KANSA-bydraes!

KWARTAALPROGRAM

DATUM	DAG	TYD	WIE	WAT
Okt - Nov	**-**	**-**	**Almal**	**Kansaprojek**
17-Nov	Sondag	12:00	D	Nagmaalete
28 Nov - 7 Des	Don - Sat	07:00 tot 20:00	Almal	Mooirivier Kersmark

Oosdoppertjie-Jeugbediening

1. Erediens Kinderblad

Ons kinders se deelname aan die erediens is belangrik. Ons dink aan die Here Jesus se uitnodiging: Laat die kindertjies na My toe kom! Die erediens is 'n ontmoeting tussen God en sy volk en ons kinders is net soveel deel van hierdie ontmoeting as ons volwassenes.

Om egter vir ons kinders hierdie ontmoeting so sinvol as moontlik op hulle vlak van verstaan te maak, gee ons tydens die skoolkwartaal 'n Kinderblad uit. Dit is voor die erediens in die voorportaal beskikbaar. Daar is ook inkleurpotlode en knipborde beskikbaar. Hierdie kinderblad bied aktiwiteite wat die kinders tydens elke element van die erediens kan voltooi. Ouers kan die kinders begelei oor hoe om dit te voltooi. Die hoop is dat die blaadjie ons kinders sal laat groei in hul geloof en verhouding met ons Here.

2. Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug 'n georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur 'n lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening, is welkom om Tineke te kontak.

Kontakpersoon: Tineke van Rooyen (084 657 1019)

ALGEMENE INLIGTING

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Ds. Daan Bakker - 082 829 8456
Student Pieter Deysel – 079 695 0027
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658 / kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos
ABSA Bank
Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 632-005

Diakonie
ABSA Bank
Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 632-005

Susters (Nuwe rek)
FNB
Tjekrek: 631 043 29130
Takkode: 250 655

SOSIALE MEDIA

WhatsApp: 067 713 2332
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers
Webblad: www.oosdoppers.co.za
Erediens videobank: http://ow.ly/ivfZ309vsdc

Intydse erediensuitsendings op YouTube by: Oos-Doppers Potch